

15 Mei

Lees: 1 Tessalonisense 3:1-13 (1983-vertaling)

Teks: 1 Tessalonisense 3:12

Oorvloedige liefdesbediening in afwagting op die wederkoms veg teen suinigheid

Mense vra verkeerdelik of die kerk 'n toekoms het. Hieroor is die Woord van God duidelik en beslis in Matteüs 16.

'n Ander manier van nadenke sou wees om te vra of *die toekoms 'n kerk het*. 1 Tessalonisense 3 bied 'n perspektief op hierdie vraag deur duidelik te stel dat gelowiges Christus se terugkeer moet verwag. Die toekoms waarvan die Bybel praat, is immers bedoel vir elke uitverkore kind van God. Om aktief gereed te wees, is om met die regte dinge besig te wees.

In hierdie verruimende perspektief wat dié gedeelte bied, blyk dit dat Paulus die mense daarbuite op straat nie as die vyandige mense in 'n vyandige plek beskou het nie. Inteendeel. Die kerk sowel as die wêreld moet bedien word. Waarmee? Met die liefde vir mekaar en vir alle mense wat elke oomblik groei en toeneem. Hierdie groei in liefde waarvan vers 12 praat, is so belangrik dat Paulus hieroor begin bid. In 1 Tessalonisense 3:10 draai hy die woordorde om en sê dat hy *nag en dag* vir die gemeente gebid het. Waarvoor het hy gebid? Hy het gebid dat die lewende verwagting van Christus se koms die gelowiges se harte aan die brand sal steek om met hulle liefde vir mekaar en vir ander mense met die heel belangrikste sake besig te wees.

Dit is eintlik skokkend om te dink dat daar die moontlikheid bestaan dat die kerk met die wederkoms van Christus met 'n magdom sake kan besig wees sonder om met die heel beste dinge besig te wees. Dit kan verdienstelike sake wees en op sigself goed wees, maar is dit die heel beste? Paulus bid dat die liefde van gelowiges so ryk en oorvloedig sal wees, dat dit oorlopens toe vol sal wees, sodat dit as't ware na alle kante toe oorstort.

Die besig wees van gelowiges met die oog op die wederkoms het daarom alles met die oorstroming van liefde te make. Dink uself in hoe skokkend, arm en aaklig dit daarna uitsien indien liefde in menseharte nie oor sy walle stroom nie. Hoe sien 'n werkskring, 'n samelewing en 'n plaaslike gemeente daarna uit indien daar nie 'n oorstroming van liefde is nie? Laat ons ook onthou dat niemand ooit iemand anders se liefde waardig kan wees nie. Liefde is altyd 'n gee-aksie sonder om te verwag. Daar is daarom geen plek vir karigheid en suinigheid in liefdesbetoning nie.

Sing: Skrifberyming 9-3:1, 2

Dr. FP (Ferdie) Kruger (Meyerspark)